



Published on *Republikein.com.na* (<http://www.republikein.com.na>)

[Tuis](#) > Treinkelner was doodsengel

Treinkelner was doodsengel

Voorgelê deur Republikein op Vr, 2010-10-29 02:00



STADIG trek die stroomtrein sy waens oor die uitgestrekte vlaktes van Afrika. Al is die vensters oop, is dit bedompig in die kompartemente. Die trein is vol soldate wat vanaf die Unie van Suid-Afrika na Suidwes-Afrika onderweg is. Die reis verloop sonder noemenswaardige gebeurtenisse, afgesien daarvan dat almal langer as gewoonlik op 'n drankie en verversings moet wag. Die trein se kelner het kouekoors. Hy is platgetrek en moet kort-kort om water vra. Met die aankoms van die trein in Windhoek, word die sieke dadelik hospitaal toe geneem. Hy sterf twee dae later, op 9 Oktober 1918. J. Bester, die kelner uit Suid-Afrika, is die eerste van meer as 2 600 slagoffers van die Spaanse griep wat vir vyf weke daardie jaar gewoed het. Wêreldwyd sterf miljoene. Volgens beraming is dit tussen 25 miljoen en 50 miljoen mense. Dit beteken dat meer mense as gevolg van die griep dood is as in die Wêreldoorlog. Oor 'n tydperk van vier jaar is sowat 16,5 miljoen mense dood. Die ontstaan van die pandemie kan nagespeur word na die Haskell County van die Amerikaanse staat Kansas. Hier het 'n dokter in Januarie 1918 die eerste gevalle gediagnoseer. Ná drie mans uit daardie omgewing opdrag gekry het om vir diensplig aan te meld, het die griep in een van die opleidingskampe kop uitgesteek. Die weermagleiers het geweier om die afvoer van soldate na ander plekke te staak of deur kwarantyn te laat vertraag, want die bondgenote in Europa het dringend nuwe soldate nodig gehad. Die virus het dus 'n suksesvolle reis oor die Atlantiese Oseaan na Europa gehad, waar die kasernes en loopgrawe ideale toestande vir verdere uitbrekings geskep het. Midde die woelinge van die oorlog is die griep geïgnoreer. Net in neutrale Spanje, waar tot 'n derde van die stede se inwoners siek geword het, is van die pandemie gelees. Vandaar die naam Spaanse griep. Suid-Afrika plaas al 3 900 soldate onder kwarantyn. Ná geen verdere voorvalle of simptome waargeneem word nie, vertrek hulle na hul onderskeie bestemmings ? Mosambiek,

Rhodesië (Zimbabwe), Betsjoeanaland (Botswana) en Suidwes-Afrika (Namibië). Byna gelyktydig breek 'n grootskaalse pandemie uit. In die besonder tref dit plekke waar baie mense bymekaar is, soos stede, nedersettings, kasernes en kampe vir gevangenes. In die interneringskamp op Aus word die eerste geval van griep op 11 Oktober aangemeld. Die virus word deur die bewakers na die krygsgevangenes oorgedra. Op 14 Oktober sterf die eerste man. Binne 24 uur styg die aantal sterftes van 44 na 208. 'n Maand later op 16 November, sterf die laaste griepslagoffers. Op Aus eis die virus 105 siviele mense, 50 soldate en 55 gevangenes. Die sterftesyfer van die oppassers (600 van hulle) is teen 8,3 persent dubbel so hoog as by die gevangenes (4,1 persent van 1 438 mans). Die wêreldsyfer staan op 3 persent. In gewone griepgevalle is die syfer 0,1 persent. Een van die tragiese sterftes is dié van Mary Ann 'Breeza' Nelson, die eggenote van garnisoen-adjutant, majoor Edward Irving Nelson. Dag en nag het dié opgeleide verpleegster die siekes in die noodhospitaal versorg en selfs toe haar eie gesondheid begin afneem het, het sy pligsgetrou gebly. Terwyl sy eendag nog aan diens was, het sy inmekaar gesak en gesterf. As blyk van waardering vir haar toewyding word sy met volle militêre eer begrawe. Haar grafsteen lees: 'She gave her life while she wanted to help others.' Toe die pandemie aan die einde van November begin afneem, lui die Suid-Afrikaanse statistiek so: Van die 2 600 oorledenes is 312 van Europese afkoms, 43 kleurlinge en 2 245 Afrikane. Regoor die land kan mens vandag nog grafte sien van mense wat in Oktober en November 1918 begrawe is.

Source URL: <http://www.republikein.com.na/politiek-en-nasionale/toerisme-en-omgewingsake/treinkelner-was-doodsengel.116188.php>